Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 4/2025

28 Februarie 2025

## Van die skoolhoof

*Liewe GSDP-gemeenskap*

**Godvresende harte**

**Spreuke 4:23** "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."

Die boek Spreuke werp lig op twee wêreldbeskouings, die van wysheid en die van dwaasheid.

Om wys te lewe is om **Godvresend** te lewe. Ware Godvresendheid is nooit 'n stel reëls of regulasies wat nagekom moet word nie. Godvresendheid is om te leef met 'n nederige dankbare aanbiddende hart. Dit is nie om met die Bybel onder die arm te loop en 'n teksvers vir elke vraagstuk aan te haal nie. Nee, dit is om in leer en lewe saam met God te wandel.

Dit gaan oor 'n hartsingesteldheid wat uiteindelik uitloop in dade.

Daar is 'n reuse verskil tussen 'n opregte gees van innerlike vroomheid en Fariseëragtige optrede van pligte en reëls wat nagekom moet word. Wettisisme lei tot selfregverdiging en ontken dat ons waarlik Christus se verlossing nodig het.

Om ons kinders te leer om wys te wandel, hou in dat ons as ouers en onderwysers ook wys moet wandel. Om wys te wandel is om te heers oor wat ons harte beheers. Dit verg oefening; oefen om Bybel te lees en oefen om te bid sodat ons kennis van onsself sodanig groei dat ons en ons kinders bereid is om ons harte te kan ondersoek en die vermoë ontwikkel om na onsself met die Woord as 'n spieël te kan kyk.

Die hedendaagse kultuur is deurspek van relativisme, individualisme, emosionalisme, materialisme en nog vele ander ismes en ons asem dit op 'n daaglikse basis in. Hierdie ismes het die vermoë om ons harte te besoedel. Hoe beskerm ons ons kinders teen hierdie besoedeling? Deur hulle toe te rus met 'n Bybelse lewens-en wêreldbeskouing, deur hulle harte en oë te verlig met die Woord van die Here en hulle te begelei in die toepassing hiervan in elke dag se lewe.

Die lewe wat ons by die huis, by die skool, op die sportveld, tussen maats en by tienerpartytjies lei, moet getuig van 'n Godvresende hart.

Laat ons volhard in gebed vir mekaar en vir ons kinders se harte.

*Vriendelike groete*

Saskia Meijer



## Beplanner

- **28/02:** Warmbaduitstappie
- **1/03:** HS IEB Konferensies
- **4/03:** LS Toetsreeks begin
- **4/03:** LS Netbaloefening begin
- **5/03:** HS: Perfect Life Loopbaanskou
- **7/03:** HS Dinee
- **7-8/03:** LS Netbal Oefenkliniek
- **11/03:** LS: Wiskunde Olimpiade
- **13/03:** Dames-en dogtersaand
- **14/03:** Pi-dag
- **14/03:** LS Verkoping: Veldskool 2025
- **24-28/03:** Gr.7-Veldskool

# Nuwe baba's

Ons is verheug om te deel dat die Here die GSDP personeel in die besonder seën met **vyf onderwyseresse** wat vanjaar 'n **kindjie** mag ontvang. Veels geluk aan juf. Lizarie Smit (klein Jamie is reeds Dinsdag gebore), juf. Sasha Lee Hemmens, juf. Minette Lemmer, juf. Mart Marie Malan en juf. Elani Jansen v Rensburg.





# Terugvoer: Selfone

Met dankbaarheid kan ons **positiewe** terugvoer gee oor die implementering van die **geen-selfoon-beleid.** Alhoewel ons hier en daar 'n selfoon van gr. 10 – 12 moet inneem, gaan dit bo verwagting goed. Ons sien hoe kinders pouses Uno speel, met mekaar gesels en op **gesonde maniere** sosiaal verkeer. Dit is vir almal 'n **aanpassing** en nie altyd maklik om 'n **gewoonte** te verander nie, tog gaan dit goed.

Die skole in die omgewing vaar ook redelik goed, alhoewel daar ook uitdagings is. 'n Gekonfiskeerde selfoon word by die ander skole vir 3-5 werksdae gehou en ouers betaal 'n boete van tot R200. By GSDP hoef ons nog nie so **drasties** op te tree nie en ons vertrou dit sal ook nie nodig wees nie.



## Sosiale drag

Die **sosiale drag** is tans vir ons, veral wat die **dogters** betref, 'n uitdaging. By die laer- sowel as die hoërskool is die verskeidenheid van **denimbroeke** nie meer netjies nie. Hier is dogters wat kortbroeke dra wat werklik ongemaklik kort en baie styf sit. Ons is van mening dat dit nie op 'n **skoolterrein** gepas is nie.

By die **laerskool** versoek ons dus dat die dogters slegs die **GSDP-sportbroek** saam met die sosiale drag-hemp mag dra.

By die **hoërskool** besin ons oor die pad vorentoe wat die sosiale drag betref. Intussen rig ons 'n versoek dat **ouers s**owel as die **dogters** mooi kyk of die kortbroek, selfs die sportbroek, steeds **netjies** pas.



# Boelies

Wat ‘n aaklige woord met ‘n **aaklige** inhoud. Tog is dit iets waarvan ons skool nie gevrywaar is nie. Hierdie afknouery en teistering word op ‘n herhalende aggressiewe en vernederende wyse deur ‘n individu of groep leerlinge teenoor mekaar gedoen. Paulus beskryf die kenmerke van boeliegedrag in **Galasiërs 5** naamlik: **vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap en afguns.** Dit is werke van die vlees, aangevuur deur die mens se sondige aard.

Ons mag dit nie by GSDP duld nie en elke **aanmelding** van hierdie gedrag sal in ‘n baie ernstige lig hanteer word. Ons is oortuig daarvan dat elke leerling met **vrymoedigheid** in ‘n **veilige omgewing** moet kan skoolgaan, daarom sal alle klagtes ondersoek word, ouers betrek word, en daadwerklik opgetree word.

Mag ons hande vat om **boeliegedrag** by ons skool te bestry.

*Laerskool*

Stuur gerus julle **ou tydskrifte** na die laerskoolkantoor!



**Netbaloefening** begin **4 Maart.**

**Dinsdae en Donderdae:**
0/5 - 0/8: 13:15 - 14:00
0/9 - 0/13: 13:45 - 14:45

# TOETSROOSTER

## Kwartaal 1 (2025)

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| **Di. 4 Maart** | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| **Do. 6 Maart** | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | NW |
| **Vr. 7 Maart** | | | | Tegnologie |
| **Di. 11 Maart** | SW | SW | SW | SW |
| **Do. 13 Maart** | Engels | Engels | Engels | Engels |
| **Vr. 14 Maart** | | | | EBW |
| **Di. 18 Maart** | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |

Bybelonderrig, Kerkgeskiedenis en Lewensvaardighede/ Lewensoriëntering vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering en klastoetse.

# Hoërskool

- **Sportoefeninge** gaan voort soos gewoonlik. **(Netbal, Tafeltennis, Skaak, Fietsry)**
- **Drama-oefeninge** vind op **Maandae** plaas.
- **Houtsweisklub** begin eerskomende **Dinsdag vanaf 15:30 tot 16:30**. Verdere inligting is by juf. Lynni beskikbaar.

## Konsert

Ons herinner u aan die **skenkings van voorraad** vir die bou van **dekor** soos gevra in die **konsertbrief** wat na al die ouers gestuur is. Produkte wat geskenk word, kan na juf. Jokie se klas geneem word.

**Vrydag, 7 Maart** se **konsertoefening** gaan voort vir al die leerlinge behalwe die **graad 12's.** Hulle word **verskoon** om als reg te kry vir die aand se **dinee**.

## Hoërskooldinee

Die **hoërskooldinee** vind DV op **Vrydag, 7 Maart 2025** om **17:30 vir 18:00** by Gereformeerde Kerk Wonderboom-Suid plaas. Kaartjies kos **R110** per persoon / **R190** vir 'n paartjie.

Betaal op D6 / EFT / Snapscan met Familiekode + Dinee as verwysing. **Die dinee is slegs vir leerlinge van ons skool.** Geen persone van buite word toegelaat nie.


**FRGutters**

SEAMLESS GUTTERS | WATER BACKUP SYSTEMS | ROOF PAINTING

# Seamless Gutters, Gutter Cleaning, roof painting & Rainwater Harvesting

**Why Gutters:**
Beneficial to the structural well-being of a building. Prevent staining on exterior walls and fascia boards. The first step in controlling rainwater from your roof into a rainwater harvesting system is. Prevent moisture build-up in exterior walls. Prevent scouring of foundations. Prevent Home flooding. Provide aesthetic value.

**Why Seamless Gutters:**
Custom Made at your property. Very easy and quick to install. Only has joints on the corners meaning fewer positions to leak. Longer lifespan due to the quality of material and powder-coated paint. Aesthetically appealing & Comes pre-painted.



**Why Gutter Maintenance:**
Increase the longevity of the gutter system. Prevents moisture from leaking into the roof. Ward off pests. Avoid fascia damage.

**Why Rainwater Harvesting:**
You will have water during water shedding. Be a responsible citizen and conserve our natural resources. Save money on water consumption. Be part of your total system to get off the grid.

074 496 4713 | 074 496 4713 | info@frgutters.co.za | www.frgutters.co.za

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

Afleweringskostes @ R120

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

Courier Costs @ R120

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

**All the Science goodies @ R300**

https://wenwetenskap.co.za
Helena - 0845103373
hverwey@absamail.co.za

# Any Computer, internet, WiFi help and upgrades.

**PR COMPUTERS**

Call us today

0826915793



**Ons praat jou taal!**

**kleur. Boutique**

*Specializing in:*
Designer Formal Wear
Men Suites
Special Occasion Wear
Mother of the Bride | Matric Farewell
**Exclusive Stockist of Anabel Nox**

**To Book:**
**Lisa Roux 072 402 0307**

www.kleurboutique.co.za

# Drama Klasse 2025

ADK DRAMA & FILM




| Inligting | Vir Wie? | Kontak |
| --- | --- | --- |
| ADK web<br>www.adk-drama.co.za | All ouderdomme<br>Landswyd | 082 516 7653<br>Of besoek ons webtuiste |

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

## Word **DEEL** van die Solidariteit Helpende Hand-**FAMILIE**

www.ondersteunons.co.za

# #WELSTAND

Verseker welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap.

# Dance-4-Joy



# Modern Dance



*Come and enjoy classes of a high standard in a friendly atmosphere.*

**Develops**
* Good rhythm
* Agility and flexibility

**Improve**
* Coordination
* Social and creative skills
* Improve self confidence
* Increase muscle strength

Waverley
and various
nursery schools


CONTACT US:
Lizel Kruger - 084 370 3641 • dance4joy.info@gmail.com

# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-
SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-
BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING




### BLITS

**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

